RPO
Nasionaal
National

Tel: (+27) 12 349 1102
Faks/Fax: (+27) 12 349 1054
E-pos/E-mail: rpo@lantic.net
Quinton Brandstraat 2 Quinton Brand Street
Eulophia Corner, PERSEQUOR PARK 0020
Posbus/PO Box 132
PERSEQUOR PARK 0020

NUUSVRYSTELLING

(vir onmiddellike vrystelling)

BIOSEKURITEITSREëLS VIR LEWENDEHAWE AGENTE : LANDBOU PRODUKTE AGENTE RAAD (APAC) (Agricultural Produce Agents Council)

Die Landbou Produkte Agente Raad (*Agricultural Produce Agents Council*) (APAC) se biosekuriteitsmaatreëls vir lewendehawe agente het in werking getree met ingang 13 November 2020 soos gepubliseer in die Staatskoerant.

Die nasionale Rooivleisprodusente-organisasie verwelkom die publikasie van die biosekuriteitsmaatreëls aangesien dit sal bydra tot die afname van dieresiektes in Suid-Afrika. Die reëls is van uiterste belang aangesien die uitvoer van rooivleis toeneem en plaaslike verbruikersekerheid bevorder.

Lewendehawe veilings is die tweede vlak van dieresiekte monitering waar lewendehawe verhandel word in die kritiese bemarkingsektor van lewendehawe produksie in die waardeketting. Hierdie is derhalwe belangrik in die verspreiding en beheer van dieresiektes by wyse van bemarking van lewendehawe binne veilingslokale.

Die agentemaatreëls se doelwit is om ’n geouditeurde- en opspoorbaarheidstelsel te vestig en terselfdertyd die verspreiding van dieresiektes te beperk deur lewendehawe veilings.

Hierdie doelwit kan bereik word by wyse van spesifieke doelwitte, naamlik :-

Die implementering van 'n betroubare, akkurate en hersienbare rekordhoudingstelsel wat verseker dat alle transaksies wat op lewendehawe veilings aangegaan word, volgens hierdie redelike en regverdige reëls uitgevoer word.

- Toepassing van goeie biosekuriteitsmaatreëls vir die voorkoming van dieresiektes binne die veilingseiendom en om die verspreiding van dieresiektes tussen lewendehawe tydens die veiling te voorkom.
- Vinnige en noukeurige aanmelding aan die betrokke staatsveearts van enige beheerde of aanmeldbare dieresiektes wat vermoed word by die veiling.
- Verbintenis om streng voorskrifte van bestaande wetgewing, regulasies en reëls na te kom.

Die APAC biosekuriteitsmaatreëls vir lewendehawe agente het spesifieke vereistes kragtens rekordhouding en ouditering wat die relevante dokumentasie insluit wat bewaar moet word.

Diere wat aangebied word by lewendehawe veilings moet voldoen aan die Wet op die Identifikasie van Diere asook die Veediefstalwet kragtens toepaslike dokumentasie en identifikasiemerke.

Sekere biosekuriteitsmaatreëls moet gevolg word by die veilingslokaal. Dit sluit ook in alle biosekuriteitsmaatreëls op die plaas van oorsprong van lewendehawe wat verskuif word na ‘n veilingslokaal.

Die reëls gee 'n uiteensetting van administratiewe kontrolepunte waaraan die agent moet voldoen, terwyl sekere bioveiligheidsmaatreëls gevolg moet word wanneer voertuie die veilingslokaal binnekom. Bioveilige gebiede word aan voorgeskrewe praktyke onderwerp en die amptelike rapportering van verdagte diere moet in plek wees.

Die volledige APAC biosekuriteitsmaatreëls is beskikbaar by :-

http://nahf.co.za/biosecurity-rules-for-livestock-agents-gazetted-13-november-2020-no-43900-board-notice-135-of-200/

“Die RPO ag lewendehawe veilings as ‘n belangrike rolspeler in die rooivleiswaardeketting en dit is van uiterste belang dat lewendehawe agente by APAC moet registreer. Die APAC reëls sal nie slegs biosekuriteit verseker nie, maar ook ‘n wesenlike bydrae lewer tot die voorkoming van veediefstal”, aldus die voorsitter, mnr. Koos van der Ryst.

- ooo O ooo -

DATUM : 18 November 2020

NAVRAE :

Mnr Koos van der Ryst
Voorsitter
Sel : 083 303 7926
Epos : 0828082736@vodamail.co.za

Mnr Gerhard Schutte
HUB
Sel : 082 556 7296
Epos : gerhard@rpo.co.za